

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Tussen toeval en willekeur. Sin soeke in ons lewensverhaal.

Skriflesing: Genesis 45:1-11

Broodjies vir die pad

“Live generously.”

— Eugene H. Peterson, *The Message: The Bible in Contemporary Language--Numbered Edition*

“It seems to me almost before the Bible says anything else, it is saying that—how important it is to be alive and to pay attention to being alive, pay attention to each other, pay attention to God as he moves and as he speaks. Pay attention to where life or God has tried to take you.”

— Frederick Buechner, *The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life*

“An object will display the greatest difference of light and shade when it is seen in the strongest light. . . . But this should not be much used in painting, because the works would be crude and ungraceful. An object seen in a moderate light displays little difference in its light and shade, and this is the case towards evening or when the day is cloudy; works painted then are tender, and every kind of face becomes graceful. Thus, in everything extremes are to be avoided: Too much light gives crudeness; too little prevents our seeing.”

— Walter Isaacson, *Leonardo da Vinci*

Goeie herder

die Here van die Namib

is my herder

by droë gorras

laat hy my opkyk

na wolklose lug

tussen son en klip

lei hy my

na die Dooie Vlei

in die sleepmis

voor sy vangkierie

struikel ek aan

in blinde geloof.

Kobus Lombard

“Wisdom is the art of living skillfully in whatever actual conditions we find ourselves.”

— Eugene H. Peterson, *The Message Proverbs*

“The time is ripe for looking back over the day, the week, the year, and trying to figure out where we have come from and where we are going to, for sifting through the things we have done and the things we have left undone for a clue to who we are and who, for better or worse, we are becoming. But again and again we avoid the long thoughts.... We cling to the present out of wariness of the past. And why not, after all? We get confused. We need such escape as we can find. But there is a deeper need yet, I think, and that is the need—not all the time, surely, but from time to time—to enter that still room within us all where the past lives on as a part of the present, where the dead are alive again, where we are most alive ourselves to turnings and to where our journeys have brought us. The name of the room is Remember—the room where with patience, with charity, with quietness of heart, we remember consciously to remember the lives we have lived.”

— Frederick Buechner, *A Room Called Remember: Uncollected Pieces*

“Excellence is never an accident. It is always the result of high intention, sincere effort, and intelligent execution; it represents the wise choice of many alternatives - choice, not chance, determines your destiny.”

— Aristotle

“Chance and chance alone has a message for us. Everything that occurs out of necessity, everything expected, repeated day in and day out, is mute. Only chance can speak to us. We read it’s message much as gypsies read the images made by coffee grounds at the bottom of a cup.”

— Milan Kundera, *The Unbearable Lightness of Being*

“For existential mathematics, which does not exist, would probably propose this equation: the value of coincidence equals the degree of its improbability.”

— Milan Kundera

“Life is a question of nerves, and fibres, and slowly built-up cells in which thought hides itself and passion has its dreams. You may fancy yourself safe and think yourself strong. But a chance tone of colour in a room or a morning sky, a particular perfume that you had once loved and that brings subtle memories with it, a line from a forgotten poem that you had come across again, a cadence from a piece of music that you had ceased to play... I tell you, that it is on things like these that our lives depend.”

— Oscar Wilde, *The Picture of Dorian Gray*

“At bottom every man knows well enough that he is a unique being, only once on this earth; and by no extraordinary chance will such a marvelously picturesque piece of diversity in unity as he is, ever be put together a second time.”

— Friedrich Nietzsche

Nou is sulke opvoeders nodiger as ooit

Wilhelm Jordaan

Oorgange is onafwendbaar in die loop van die lewe. So word elke nuwe jaar gekenmerk deur “eerste kere” – die eerste keer kleuterskool toe, die eerste keer skool toe, hoërskool toe en universiteit of kollege toe.

In al dié gevalle is dit nuutbeginners op die drumpel van ontdekking; en pa’s en ma’s (ook oupas en oumas) wat met blink oë toekyk – gelyktydig trots, hartseer, bekommerd en met ’n titseltjie skeidingsangs.

André P. Brink het die hart van sulke eerste kere beskryf: “My seun, vergewe jou pa op hierdie dag ’n bietjie sentimentaliteit . . . In jou bruin boeksak wat nog stram is van die nuut, is jou leë skryfboekie, jou potlood en jou uitveër, jou bietjie melk, jou pakkie brood. So min wat mens jou kan saamgee. Brood en melk vir die honger. ’n Leë boek waarin jy voortaan self moet skryf. Vandag het jou verste reis begin. Goeie reis, my klein ridder. O, staan paraat, klein Quijote, teen elke meul, in ons vlammende wêreld . . .”

Baie ouers se gemoed is swaar. Ons skole, universiteite en ander onderwysinrigtings is deel van “die vlammende wêreld” en die vraag is of hulle werklik toegerus is om kinders te begelei sodat elkeen se potensiaal verwerklik word.

Op skoolvlak klink die onderwysidroom van ons tyd op die oog af indrukwekkend, want dit beklemtoon belangrike goed soos die ontwikkeling van vermoëns, kreatiwiteit, kritiese denke en lewensvaardighede soos selfverantwoordelikheid – alles ter wille van dienslewering aan die samelewing. Maar daar is ’n angel: die gevaar van ’n bykans meganiese onderwysresep deur kennisafrigting wat sommer so vanself die begeerde “produkte” moet oplewer.

Dit is gedoem tot mislukking, of beperkte sukses. Want sulke vaardighede is nie “produkte” nie, maar word gevorm tot ’n manier van wees wat algaande wasdom bereik. ’n Besondere aspek hiervan is die mensheid van die opvoeder eerder as die onderwysprogram of -leerplan. Dit verwys na begeesterde opvoeders wat kinders se inherente begeerte om te weet en te verstaan, wakker roep en hulle aanvuur om die “leë boek” met vertroue vol te skryf.

Dit maak “leer” en “onderrig” ’n onvergeetlike ondervinding waarvoor Gabriel García Márquez in sy outobiografie *Living to Tell the Tale* skryf: “. . . studying became something as marvelous as the joy of being alive . . . making children sensitive to the beauties of the world and awakening in them their curiosity regarding the secrets of life.” Juis dit is wat die voorbeeldmakende ikone van onderrig – soos Sokrates, Plato, Mr Chips, ou Meester, John Keating (*Dead Poets Society*) en Maria Montessori – so uitnemend, verby die inhoud van hul onderrig, aan hul leerlinge kon deurgee.

Om daarmee tussen leerlinge en opvoeders ’n bondgenootskap met ewigduerende vormingswaarde te skep wat ’n ganse lewe lank met ’n helder vlam brand.

Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/nou-is-sulke-opvoeders-nodiger-as-ooit-20220118>

Brood vir die pad

’n Nuwe houding vereis in die eeu van eensaamheid

RRV

In 2020 verskyn die Britse ekonoom Noreena Hertz se *The Lonely Century*. Dié boek – wat sedertdien heelwat gesprek ontlok het – handel oor eensaamheid as ’n kenmerkende eienskap van ons huidige samelewing. Die pandemie se inperkings dra uiteraard daartoe by dat ons geïsoleerd en afgesny van mekaar voel, maar Hertz wys daarop dat die 21ste eeu lank voor die eerste kwart van 2020 reeds “die eeu van eensaamheid” was.

Hertz noem heelwat statistieke en voorbeelde om te toon hoe akuut en verspreid eensaamheid as ’n moderne verskynsel is. Drie uit vyf volwassenes in die VSA, byvoorbeeld, beskou hulself as eensaam en in Duitsland sien tweederdes van die bevolking eensaamheid as ’n ernstige probleem. In Brittanje is selfs ’n minister van eensaamheid aangestel. En data van Asië, Australië, Suid-Amerika en Afrika skets eweneens ’n ontstellende prentjie. As tekenend van die tragiek van eensaamheid in ons dag vertel Hertz van ’n 85-jarige oupa wat in 2017 in China die volgende advertensie by sy plaaslike bushalte geplaas het: “Eensame man in sy tagtigs soek na vriendelike persoon of gesin om hom aan te neem.” Hy is drie maande later dood en sy bure het dit eers weke later agtergekom.

Hertz skryf verder hoe eensaamheid sleg vir ons gesondheid is, asook hoe populistiese politici mense se eensaamheid uitbuit om ’n valse gevoel van behoort te skep en sodoende ’n kultuur van wantroue versterk. Moderne tegnologie speel natuurlik ook dikwels ’n ongesonde rol om ons verder van mekaar te isoleer en te vervreem, soos onrusbarende uitgebeeld in televisiereekse soos *Black Mirror*. Sy verwys dan ook iewers na slimfone as weapons of mass distraction.

The Lonely Century maak dit verder duidelik dat eensaamheid as hedendaagse verskynsel nie bloot behels dat ons nie liefde en intimiteit van ons familie, vriende en bure ervaar nie. Nee, dit strek wyer en is struktureel van aard: Ons beleef dat ons medeburgers, werkgewers en instellings nie vir ons die nodige ondersteuning en versorging bied nie.

Tog meen Hertz dat ons era nie die “eeu van eensaamheid” hoef te bly nie. Die toekoms is immers in ons hande. Daarom lui haar boek se subtitel: *A Call to Reconnect*. Maar dit vra vir ’n nuwe lewenshouding. In haar woorde: “We need to recast ourselves from consumers to citizens, from takers to givers, from casual observers to active participants.”

Dit mag ook gebeur – en dit is moontlik die eintlike tragedie – dat ons begin gemaklik raak met ’n denkrigting en lewenstyl van isolasie en nie regtig meer die verbinding met ander begeer nie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-n-nuwe-houding-vereis-in-die-eeu-van-eensaamheid-20220212>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877